

# Limagrain Field Seeds

LG 60 years

## 2025 PRODUKKATALOGUS

**DEUR DIE BOER, VIR DIE BOER**

Limagrain

www.lgseeds.co.za

## DEUR DIE BOER, VIR DIE BOER

**Welkom by die 2025 Limagrain Field Seeds-produkkatalogus! Te midde van ons 60 jarige-vieringe nooi ons jou uit om ons wye reeks innoverende saadprodukte van hoë gehalte te verken wat aangepas is om aan die behoeftes van boere oor uiteenlopende streke te voldoen.**

**Dankie dat jy deel is van ons reis terwyl ons voortgaan om toppresterende saad te lewer, om jou te help om sukses op jou plaas te behaal.**

# INDEKS


| | |
|---|---|
| Voorwoord | 4 |
| Limagrain se sleutel fondasies | 5 |
| Mieliekultivars | 6 |
| Mieliekuilvoereienskappe | 7 |
| Geelmieliekultivars | 8 |
| Geelmielie-eienskappe | 9 |
| Geelmieliekultivars: area-aanbevelings | 10 |
| Witmieliekultivars | 12 |
| Witmielie-eienskappe | 13 |
| Witmieliekultivars: area-aanbevelings | 15 |
| Toevlugsinstruksies | 16 |
| Mielieproduksiegebiede | 18 |
| Sojaboonkultivars | 19 |
| Sojaboonkaart | 21 |
| Sojabooneienskappe | 22 |
| Toevlugarea | 24 |
| Sonneblomkultivars | 25 |
| Sonneblomeienskappe | 26 |
| Graansorghumkultivars | 27 |
| Graansorghumeienskappe | 28 |
| Koringkultivars | 29 |
| Koringeienskappe | 30 |
| A - Z van Weidings | 34 |
| Kontak ons | 36 |

# LIMAGRAIN FIELD SEEDS

## OPLOSSINGS VANAF BOERE VIR BOERE

### WAAROM IS ONS HIER?

Limagrain Suid-Afrika (LGSA) beoog om 'n betekenisvolle bydrae te lewer tot voedselsekerheid in die gebied waarin ons bedrywig is en om by te dra tot die volhoubaarheid van ons boere wat op hul beurt ‘n rol speel om voedsel vir almal te verseker. Ons doen dit deur die verskaffing van kwaliteit saad, goeie en praktiese advies, en professionele diens.

Ons bydrae is om superieure genetika te verskaf om by te dra tot ons boere se besighede om risiko te minimaliseer terwyl opbrengs en kwaliteit geoptimaliseer word. As LGSA werk ons daaraan om ons kliënte te voorsien van 'n mededingende multi-gewas saadaanbod. Deur met strategiese gewasse te teel, identifiseer ons presterende genetika wat gebruik kan word om werklike vooruitgang te maak ten opsigte van verhoogde volhoubaarheid van ons besigheid en die besighede van ons boere.

### DEUR BOERE IN BESIT, DEUR BOERE GELEI

LGSA, as deel van LIMAGRAIN FIELD SEEDS, verstaan die behoeftes van ons boere goed. Ons aandeelhouer, Limagrain, is 'n Franse koöperasie. Dit dui daarop dat die groep eintlik sy leiding van boere kry en intieme kennis en begrip het van wat boere werklik nodig het. In 'n sekere sin kan jy sê die besigheid word deur boere vir boere besit en gelei.

### ONS AANBOD EN DIE GEBIED WAT ONS BEDIEN

Limagrain Suid-Afrika verskaf mededingende weiding- en graangewasse aan boere in Suid-Afrika, Lesotho, Eswatini, Namibië, Mauritius en Madagaskar. Ons tegnologie-gedrewe benadering en beduidende belegging in plaaslike navorsing en ontwikkeling lewer 'n mededingende multi-gewas aanbieding vir boere in alle boerderysegmente. Ons versprei drie kenmerkende saadhandelsmerke (LG, K2 en Seed Co) om eie mielie-, koring-, sonneblom- en sojaboongenetika te bemark, sowel as 'n volledige reeks eksklusiewe weiding- en voergewasvariëteite.

Optimaal presterende en goed aangepaste genetika is die kern van hierdie besigheid en is die sleutel tot toekomstige volhoubaarheid vir boere. LGSA het deur sy Potchefstroom- en Bapsfontein-navorsingstasies grootliks in plaaslike Navorsing en Ontwikkeling (N&O) belê om dit 'n werklikheid te maak, en regdeur Limagrain word sowat 16% van wêreldwye omset uit saadverkope teruggeploeg in N&O. Gedurende die komende seisoen gaan ons baie nuwe variëteite op mielies, sojabone en koring bekend stel. Dit beklemtoon dat die moeite wat oor jare in N&O gedoen is, nou vrugte begin afwerp wat vir beide LGSA en ons boere voordelig sal wees.

Etiek (insluitend die kwaliteit van saad) is ook deel van wie ons is. Daarom fokus ons op die kwaliteit van saad wat ons verskaf en onderskryf ons Excellence Through Stewardship® (ETS), wat daarop dui dat ons die waarde van genetika en tegnologie duidelik verstaan en watter praktyke aanvaarbaar is of nie. LGSA is trots daarop dat ons ons eerste amptelike ETS-oudit in Desember 2024 geslaag het.

Die verskaffing van 'n volledige en mededingende multi-gewas-aanbieding aan die mark, beteken dat ons nie net op ons eie genetika fokus nie, maar voortgaan om 'n omvattende portefeulje van produkte te verkry, te produseer, te verwerk en te versprei wat alle graan- en weidingsaad insluit wat algemeen gebruik word in die streek. Samewerking met vennote en verskaffers is krities belangrik vir die sukses van ons besigheid en ons het langdurige verhoudings met verskaffers van saad vir gewasse wat ons nie self teel nie. Hierdie verhoudings verseker dat ons kan voortgaan om 'n volledige portefeulje van produkte, en dus KEUSE, aan ons kliënte kan verskaf. Ons koester hierdie verhoudings en beoog om saam met ons vennote te groei. Ons het ook sterk verhoudings met landboukoöperasies en ander verspreiders regoor Suid-Afrika, wat 'n noodsaaklike aspek van ons algehele verspreidingsnetwerk is en verseker dat saad betyds aan ons kliënte verskaf kan word.

### TEN SLOTTE

Benewens die aanbieding van mededingende en relevante genetika, het ons ook 'n stewige tegniese span met dekades se kundigheid om advies te gee oor gewasse, variëteite en boerderypraktyke. Wanneer dit in samewerking met ons boere (as vennote) gebruik word, vertrou ons dat dit tot volhoubaarheid op die plaas sal bydra en ons boere gemoedsrus sal bring. Wanneer ons optimale genetika verskaf, dra ons by tot ons boere se besighede om risiko te verminder terwyl opbrengs en kwaliteit gemaksimaliseer word.

Ons (persoonlik en as 'n besigheid) staar baie uitdagings in die gesig, maar groei kom uit deursettingsvermoë en die omskep van uitdagings in geleenthede. Ons werk hard daaraan om deel te wees van die oplossing en 'n verskil op die plaas te maak!



**EUGENE MULLER**
**Besturende Direkteur**
**Limagrain Field Seeds South Africa**

# LIMAGRAIN FIELD SEEDS SE SLEUTELFONDASIES

## DEUR DIE BOER, VIR DIE BOER



Alles wat ons doen, plaas boere in die middelpunt. Limagrain Field Seeds (waarvan LGSA deel is) is 'n maatskappy wat deur boere geskep is en besit word, en ons voorsien boere van die beste genetika om suksesvol en volhoubaar winsgewend te wees in die verbouing van gewasse wat markte vereis. Die verhaal van Limagrain is merkwaardig – hoe 'n groep klein boere in Frankryk saamgewerk het om die wêreld se vierde grootste saadmaatskappy te skep. Limagrain se boere-aandeelhouers speel 'n aktiewe rol in alle vlakke van die besigheid en bied leierskap met 'n langtermynvisie. Hierdie model van boere-eienaarskap is uniek onder globale saadmaatskappye en iets waarop ons trots is.

## MULTI-GEWASAANBIEDING



Geen boer verbou net een gewas nie en geen internasionale saadbesigheid kan suksesvol wees met 'n enkele gewas nie. Limagrain Field Seeds-fokus is 'n portefeulje van multi-gewasse, wat ooreenstem met die behoeftes van boere op alle vastelande. LGSA het vier strategiese gewasse: mielies, koring, sonneblom en sojabone. Ander sleutelgewasse vir LGSA sluit in lusern en sommige voergewasse waarvoor ons eksklusiewe verspreidingsregte het.

## INTERNASIONALE TEENWOORDIGHEID



Die ambisie van Limagrain Field Seeds is om boere van die beste genetika te voorsien waar hulle ook al is, in boerdery groot of klein. Vandag, deur volharding, het Limagrain Field Seeds 'n wêreldwye teenwoordigheid, wat bestaan uit ses besigheidseenhede wat ses kontinente dek met filiale in meer as 31 lande en verkope in 74 lande. Net so beoog LGSA om saad aan boere oor alle segmente binne ons grondgebied te verskaf.

## 'N STERK INTERNASIONALE HANDELSMERK



Die LG-handelsmerk is die strategiese globale handelsmerk van Limagrain Field Seeds. Limagrain bedien boere al vir meer as 60 jaar met premium saad en is teenwoordig op ses kontinente met alle groot gewasse. Ons wil die sigbaarheid van die LG-handelsmerk verhoog en dit nog meer bekend maak. Die LG-logo is ook die hoof korporatiewe simbool vir die Limagrain Field Seeds-aktiwiteit, onderskryf deur die Group Limagrain-logo. Die kombinasie van die LG-logo, onderskryf deur die Limagrain-logo, sê dat ons Limagrain is en dat boere regoor die wêreld kan baat by die prestasie van LG-handelsmerk saad oor 'n wye verskeidenheid gewasse.

## TEGNOLOGIEGEDREWE



Vooruitgang is 'n kernwaarde vir Limagrain. Die wortels van die Groep is gegrond in weldeurdagte wetenskaplike tegnologie, wat ons in staat gestel het om te vernuwe en ons besigheid te laat groei. Ons is daartoe verbind om te belê in die bes bewese tegnologieë vir teling, eienskappe en digitale oplossings. Dit, tesame met 'n groot span navorsingskundiges, verseker dat ons hoëprestasie saad en dienste aan alle boere kan lewer.

## VEELVULDIGE VENNOOTSKAPPE



Samewerking is in ons DNS. Deur in vennootskappe te werk wat gebaseer is op respek en gemeenskaplike waardes, kon Limagrain Field Seeds ons globale ambisies bereik deur die skepping van veelvuldige vennootskappe oor alle kontinente, via ons 13 gesamentlike ondernemings in Europa, die VSA en Kanada, Afrika, China en Australië . Hierdie vennootskappe dek beide besigheids- en navorsingsaktiwiteite.


MIELIEKULTIVARS

# KUILVOERMIELIE-EIENSKAPPE

| | KKS8408R | KKS8410 | KKS8410B2 | KKS8410B2R | SC506 | AfricRed OBV | SC701 | SC719 | Afric1 OBV |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Graankleur | Geel | Geel | Geel | Geel | Geel | Geel | Wit | Wit | Wit |
| Biomassa | 9 | 9 | 9 | 9 | 8 | 9 | 9 | 9 | 8 |
| Graan-tot-plant verhouding | 9 | 9 | 9 | 9 | 9 | 8 | 8 | 9 | 9 |
| Staanvermoë | 9 | 9 | 9 | 9 | 8 | 7 | 7 | 7 | 7 |
| Meerkoppigheid | 8 | 8 | 8 | 8 | 2 | 6 | 6 | 7 | 7 |
| Weerstand teen Bruinroes | 9 | 9 | 9 | 9 | 6 | 6 | 8 | 9 | 6 |
| Weerstand teen Noordelike blaarskroei | 9 | 9 | 9 | 9 | 8 | 6 | 8 | 9 | 6 |
| Weerstand teen Grysblaarvlek | 7 | 7 | 7 | 7 | 5 | 5 | 5 | 9 | 5 |
| Weerstand teen kopvrot | 9 | 9 | 9 | 9 | 8 | 6 | 6 | 9 | 6 |
| ♦ Aantal dae tot fisiologiese rypwording | 123-144 | 123-144 | 123-144 | 123-144 | 129-152 | 123-144 | 140-160 | 148-165 | 123-144 |
| VRV (Vergelykende Relatiewe Volwassenheid) | 123 | 123 | 123 | 123 | 129 | 123 | 140 | 142 | 123 |

9 = Uitstekend/Vinnig 1 = Swak/Stadig

♦ Beïnvloed deur plantdatum en hitte-eenhede gedurende die groeiseisoen.

OBV = Oop Bestuifde Variëteit

*YIELDGARD®, YIELDGARD® Maize 2 en ROUNDUP READY® Maize 2 is handelsmerke wat deur Monsanto Technology LLC gelisensieer word.

# GEELMIELIEKULTIVARS

AfricRed OBV
KKS4520
KKS8408R
KKS8410
KKS8410B2R
LG30.701BR NUUT
LG30.701RG NUUT
LG31.550BR NUUT
LG31.648BR
LG31.660BR
LG31.664 NUUT
LG31.664BR NUUT
LG31.700BR NUUT
LG31.700RG NUUT
LG31.750
LG31.750R
LG31.750RG NUUT
LG31.752BR
LG31.754BR NUUT
LG31.754R NUUT
SC506

**YIELDGARD®, YIELDGARD® Maize 2 en ROUNDUP READY® Maize 2 is handelsmerke wat deur Monsanto Technology LLC gelisensieer word.*

## GEELMIELIE-EIENSKAPPE NUUT

| Eienskappe | LG 30.701BR | LG 30.701RG | LG 31.700BR | LG 31.700RG | LG 31.550BR | LG 31.664 | LG 31.664BR | LG 31.754BR | LG 31.754R | LG 31.750RG |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Staanvermoë | 8 | 8 | 8 | 8 | 9 | 9 | 9 | 8 | 8 | 9 |
| Meerkoppigheid | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 5 |
| Afdroging | 8 | 8 | 8 | 8 | 8 | 6 | 6 | 6 | 6 | 5 |
| Weerstand teen bruinroes | 5 | 5 | 5 | 5 | | 5 | 5 | | | 6 |
| Weerstand teen Noordelike blaarskroei | 6 | 6 | 6 | 6 | 2 | 5 | 5 | 7 | 4 | 6 |
| Weerstand teen grysblaarvlek | 4 | 4 | 4 | 4 | 2 | 5 | 5 | 7 | 4 | 5 |
| Weerstand teen kopvrot | 8 | 8 | 8 | 8 | 8 | 8 | 8 | 8 | 8 | 6 |
| ♦ Aantal dae tot 50% blom | 54-74 | 54-74 | 54-74 | 54-74 | 54-74 | 65-83 | 65-83 | 67-89 | 67-89 | 66-85 |
| ♦ Aantal dae tot fisiologiese rypwording | 111-132 | 111-132 | 111-132 | 111-132 | 113-135 | 120-138 | 120-138 | 125-147 | 125-147 | 127-150 |
| VRV (Vergelykende Relatiewe Volwassenheid) | 115 | 115 | 115 | 115 | 115 | 120 | 120 | 125 | 125 | 127 |

## GEELMIELIE-EIENSKAPPE

| Eienskappe | LG 31.648BR | LG 31.660BR | KKS 8410 | KKS 8408R | KKS 8410B2 | KKS 8410B2R | LG 31.752BR | KKS 4520 | LG 31.750 | LG 31.750R | SC 506 | AfricRed OBV |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Staanvermoë | 9 | 9 | 9 | 9 | 9 | 9 | 9 | 9 | 9 | 9 | 8 | 7 |
| Meerkoppigheid | 7 | 6 | 8 | 8 | 8 | 8 | 7 | 7 | 5 | 5 | 2 | 6 |
| Afdroging | 9 | 6 | 7 | 7 | 7 | 7 | 5 | 6 | 5 | 5 | 4 | 6 |
| Weerstand teen bruinroes | 4 | 6 | 9 | 9 | 9 | 9 | 7 | 7 | 6 | 6 | 6 | 6 |
| Weerstand teen Noordelike blaarskroei | 4 | 6 | 9 | 9 | 9 | 9 | 7 | 7 | 6 | 6 | 8 | 6 |
| Weerstand teen grysblaarvlek | 4 | 3 | 7 | 7 | 7 | 7 | 3 | 6 | 5 | 5 | 5 | 5 |
| Weerstand teen kopvrot | 6 | 8 | 9 | 9 | 9 | 9 | 8 | 7 | 6 | 6 | 8 | 6 |
| ♦ Aantal dae tot 50% blom | 54-74 | 65-83 | 65-83 | 65-83 | 65-83 | 65-83 | 67-89 | 67-89 | 66-85 | 66-85 | 68-87 | 65-80 |
| ♦ Aantal dae tot fisiologiese rypwording | 113-135 | 120-138 | 123-144 | 123-144 | 123-144 | 123-144 | 126-147 | 126-147 | 127-150 | 127-150 | 129-152 | 123-144 |
| VRV (Vergelykende Relatiewe Volwassenheid) | 115 | 120 | 123 | 123 | 123 | 123 | 125 | 125 | 127 | 127 | 129 | 123 |

9 = Uitstekend/Vinnig

1 = Swak/Stadig

♦ Beïnvloed deur plantdatum en hitte-eenhede gedurende die groeiseisoen.

OBV = Oop Bestuifde Variëteit

**YIELDGARD®, YIELDGARD® Maize 2 en ROUNDUP READY® Maize 2 is handelsmerke wat deur Monsanto Technology LLC gelisensieer word.*

# GEELMIELIESTREKE

| | Droë Weste | Watertafels Wes | Matige Ooste | Koel Ooste | KwaZulu-Natal | Kort seisoen Besproeiing | Kuilvoer |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| LG 30.701BR NUUT | | | √ | √ | √ | √ | |
| LG 30.701RG NUUT | | | √ | √ | √ | √ | |
| LG 31.700BR NUUT | | | √ | √ | √ | √ | |
| LG 31.700RG NUUT | | | √ | √ | √ | √ | |
| LG 31.648BR | | √ | √ | √ | | √ | |
| LG 31.550BR NUUT | | | | | | √ | |
| LG 31.664 NUUT | √ | √ | √ | √ | √ | | |
| LG 31.664BR NUUT | √ | √ | √ | √ | √ | | |
| KKS 8410 | √ | √ | √ | √ | √ | | √ |
| KKS 8408R | √ | √ | √ | √ | √ | | √ |
| KKS 8410B2R | √ | √ | √ | √ | √ | | √ |
| LG 31.660BR | | | √ | √ | √ | | |
| KKS 4520 | | | | | √ | | |
| LG 31.752BR | √ | √ | √ | √ | √ | | |
| LG 31.754BR NUUT | √ | √ | √ | √ | √ | | |
| LG 31.754R NUUT | √ | √ | √ | √ | √ | | |
| LG 31.750 | √ | √ | √ | √ | √ | | |
| LG 31.750R | √ | √ | √ | √ | √ | | |
| LG 31.750RG NUUT | √ | √ | √ | √ | √ | | |
| SC 506 | | | √ | √ | √ | | √ |
| AfricRed OBV | √ | √ | √ | √ | √ | | √ |

**OBV = Oop Bestuifde Variëteit**

**YIELDGARD®, YIELDGARD® Maize 2 en ROUNDUP READY® Maize 2 is handelsmerke wat deur Monsanto Technology LLC gelisensieer word.*

## Kort Groeier

### LG 30.701BR NUUT

Vinnige geel baster vir besproeiing en hoë potensiaal droëland toestande. Uitstekende opbrengs en staanvermoë, met vinnige afdroging.

### LG 30.701RG NUUT

Vinnige geel baster vir besproeiing en hoë potensiaal droëland toestande. Uitstekende opbrengs en staanvermoë, met vinnige afdroging.

### LG 31.700BR NUUT

Vinnige geel baster vir besproeiing en hoë potensiaal droëland toestande. Uitstekende opbrengs en staanvermoë, met vinnige afdroging.

### LG 31.700RG NUUT

Vinnige geel baster vir besproeiing en hoë potensiaal droëland toestande. Uitstekende opbrengs en staanvermoë, met vinnige afdroging.

### LG 31.550BR NUUT

Vinnige geel baster vir besproeiing en hoë potensiaal droëland toestande. Uitstekende opbrengs en staanvermoë, met vinnige afdroging.

### LG 31.648BR

Vinnige geel baster met lae kopplasing. Uitstekende opbrengs en staanvermoë, met vinnige afdroging. Voorkomende swamdoder program word aanbeveel.

## Medium Groeier

### LG 31.664/ LG 31.664BR NUUT

Geel baster vir die oostelike- en westelikeproduksiegebiede. Uitstekend opbrengs en staanvermoë met vinnige afdroging.

### LG 31.660BR NUUT

Geel baster vir die oostelike produksie gebiede. Uitstekend opbrengs en staanvermoë met vinnige afdroging.

## Medium-Lang Groeier

### KKS 8410/ KKS 8408R/ KKS 8410B2/ KKS 8410B2R

Die ou staatmaker. Een van die beste meerdoelige basters op die mark. Uitstekende staanvermoë, sterk meerkoppigheid, goeie siekte verdraagsaamheid. Beste vir kuilvoer (kwaliteit en kwantiteit).

### LG 31.752BR

Toppresteerder in die Graan SA Nasionale Proewe

Top presteerder in die GraanSA Nasionale proewe. Geel baster geskik vir alle produksie gebiede. Uitstekende opbrengspotensiaal met uitstekende staanvermoë.

### LG 31.754R / LG 31.754BR NUUT

Geel baster geskik vir westelike en oostelike produksie areas. Medium-lang plant, met medium tot hoë kopplasing. Baie goeie opbrengspotensiaal.

### KKS 4520

Sterk meerkoppigheid, goeie siekte verdraagsaamheid. Staatmaker in KwaZulu-Natal.

### Afric Red

Oop bestuif
Sterk meerkoppig met goeie staanvermoë. Presteer onder alle potensiaal toestande. Wyd aangepas met goeie algemene siekte toleransie. Geskik vir kleinboere.

## Lang Groeier

### LG 31.750 / LG 31.750R NUUT

Uitstekende graanopbrengs, goeie siekte verdraagsaamheid, baie goeie staanvermoë.

### LG 31.750RG NUUT

Uitstekende graanopbrengs, goeie siekte verdraagsaamheid, baie goeie staanvermoë.

### SC 506

Uitstekende hitte- en droogtestremming verdraagsaamheid, goeie kuilvoer kultivar in die gebiede soos aanbeveel, baie suksesvol aangeplant in die kommersiële graan mark.

**YIELDGARD®, YIELDGARD® Maize 2 en ROUNDUP READY® Maize 2 is handelsmerke wat deur Monsanto Technology LLC gelisensieer word.*

# WITMIELIEKULTIVARS

LG 31.753BR

LG 31.747R

LG 31.747BR

LG 31.743

LG 31.743BR

LG 31.755R NUUT

LG 31.755BR NUUT

SC 701 (Groenmielie)

SC 719 (Kuilvoer)

Afric 1 (Oopbestuif)

**YIELDGARD®, YIELDGARD® Maize 2 en ROUNDUP READY® Maize 2 is handelsmerke wat deur Monsanto Technology LLC gelisensieer word.*

# WITLMIELIE-EIENSKAPPE

| Eienskappe | LG 31.753BR | LG 31.747R | LG 31.747BR | LG 31.743 | LG 31.743BR | NUUT LG 31.755R | NUUT LG 31.755BR | SC 701 (Groenmielie) | SC 719 (Kuilvoer) | Afric 1 OBV |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Staanvermoë | 9 | 9 | 9 | 9 | 9 | 9 | 9 | 7 | 7 | 7 |
| Meerkoppigheid | 8 | 9 | 9 | 6 | 6 | 9 | 9 | 6 | 7 | 7 |
| Afdroging | 7 | 8 | 8 | 8 | 8 | 3 | 3 | 3 | 4 | 6 |
| Weerstand teen Bruinroes | 7 | 7 | 7 | 5 | 5 | 6 | 6 | 8 | 9 | 6 |
| Weerstand teen Noordelike blaarskroei | 6 | 7 | 7 | 6 | 6 | 6 | 6 | 8 | 9 | 6 |
| Weerstand teen Grysblaarvlek | 6 | 7 | 7 | 4 | 4 | 6 | 6 | 5 | 9 | 5 |
| Weerstand teen kopvrot | 8 | 7 | 7 | 8 | 8 | 8 | 8 | 5 | 9 | 6 |
| ♦ Aantal dae tot 50% blom | 55-70 | 55-70 | 55-70 | 60-75 | 60-75 | 62-77 | 62-77 | 67-88 | 70-88 | 65-80 |
| ♦ Aantal dae tot fisiologiese rypwording | 123-144 | 125-133 | 125-133 | 127-135 | 127-135 | 128-138 | 128-138 | 127-170 | 148-165 | 123-144 |
| VRV (Vergelykende Relatiewe Volwassenheid) | 123 | 125 | 125 | 127 | 127 | 128 | 128 | 140 | 142 | 123 |

9 = Uitstekend/Vinnig
1 = Swak/Stadig

♦ Beïnvloed deur plantdatum en hitte-eenhede gedurende die groeiseisoen.

OBV = Oop Bestuifde Variëteit

## Medium-Lang Groeier

### LG 31.753BR

Wit baster aanbeveel vir alle produksie gebiede, medium tot lang plant met medium tot hoë kop plasing, goeie meerkoppigheid, en gemiddelde siekte verdraagsaamheid.

### LG 31.747R / LG 31.747BR

Uiters goeie opbrengspotensiaal, uitstekende staanvermoë, goeie meerkoppigheid, goeie siekte verdraagsaamheid. Baie goeie stabiliteit.

### Afric 1

Sterk meerkoppig met goeie staanvermoë, presteer by alle opbrengs potensiaalvlakke, wyd aangepas met goeie algemene siekte toleransie. Geskik vir kleinboere.

## Lang Groeier

### LG 31.743 / LG 31.743BR

Uitstekende staanvermoë, goeie meerkoppigheid, goeie siekte verdraagsaamheid.

### LG 31.755R / LG 31.755BR NUUT

Wit baster aanbeveel vir die westelike produksie gebiede, medium lengte plant met medium tot hoë kop plasing, goeie meerkoppigheid, en gemiddelde siekte verdraagsaamheid.

### SC 701

Die enigste "ware" groenmielie in die mark. Uitstekende kopgrootte, smaak en braai kwaliteite. Dit kan ook as kuilvoermielie geplant word.

## Baie Lang Groeier

### SC 719

Behaal deurlopend goeie opbrengste met n wye gebiedsaanpassing. Die eerste keuse vir kuilvoer, beskik oor ’n uistekende graanverhouding.


**YIELDGARD®, YIELDGARD® Maize 2 en ROUNDUP READY® Maize 2 is handelsmerke wat deur Monsanto Technology LLC gelisensieer word.*

# WITMIELIESTREKE

| | Droë Weste | Watertafels Wes | Matige Ooste | Koel Ooste | KwaZulu-Natal | Kort seisoen Besproeiing | Kuilvoer | Groenmielie |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| LG 31.753BR | √ | √ | √ | √ | √ | | | |
| LG 31.747R | √ | √ | | | | | | |
| LG 31.747BR | √ | √ | | | | | | |
| LG 31.743 | √ | √ | √ | √ | √ | | | |
| LG 31.743BR | √ | √ | √ | √ | √ | | | |
| LG 31.755R NUUT | √ | √ | | | | | | |
| LG 31.755BR NUUT | √ | √ | | | | | | |
| SC 701 (Groenmielie) | | | | | | | √ | √ |
| SC 719 (Kuilvoer) | | | | | | | √ | |
| Afric 1 (Oopbestuif) | √ | √ | √ | √ | √ | | √ | |


# TOEVLUGAREA-UITLEG VIR YIELDGUARD® EN YIELDGUARD® MAIZE 2 MIELIES

## STAP 1: KIES DIE OPSIE WAT VIR JOU DIE BESTE OP JOU PLAAS GAAN WERK




### OPSIE A


**95% Bt, 5% nie-Bt**
**Geen chemiese beheer van stronkboorder**




### OPSIE B

**80% Bt, 20% nie-Bt**
**Chemiese beheer van stronkboorder in toevlug toegelaat.**

## STAP 2: PLANT JOU TOEVLUG, VOLGENS DIE OPSIE WAT JY BO GEKIES HET, OP DIE VOLGENDE WYSE:




## STAP 3: VERKEN BT-AANPLANTING GEREELD. KONTAK ONMIDDELLIK JOU SAADVERTEENWOORDIGER INDIEN DAAR MEER AS 5% SKADE OP YIELDGARD 2, EN 10% SKADE OP YIELDGARD 1 WAARGENEEM WORD.

EXCELLENCE THROUGH STEWARDSHIP®
Advancing Best Practices in Agricultural Biotechnology


**ETS (Excellence through Stewardship®) is 'n wêreldwye organisasie wat produk rentmeesterskap-programme en kwaliteitbestuurstelsels vir die volle lewensiklus van landboubioteg-nologieprodukte erken en bevorder.**

**Limagrain het hul eerste sertifikaat van ETS in 2015 verwerf en hul oudit is in 2018 suksesvol voltooi wat hul by die wêreldwye ouditprogram insluit.**


**Dit stel LGSA in staat om by ander LG-saadhandelsmerke soos die VSA, Brasilië, Argentinië en Europa ingesluit te word. Hulle is almal deel van dié wêreldklasorganisasie wat hulself vir kwaliteit en rentmeesterskap beywer.**

# TOEVLUGSOORD UITLEG VIR YIELDGUARD® EN YIELDGUARD® MAIZE 2 MIELIES


## BLOKUITLEG





## STROOKUITLEG





## OMTREKUITLEG





## SPILPUNTUITLEG





## OMSOMING VAN SPILPUNT




| Size of pivot | Minimum aantal rye benodig per rywydte tydens omsoming (5% toevlug) | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Radius (m) | Ha | 0.60m | 0.75m | 0.91m | 1.00m | 1.20m | 1.50m |
| 178 | 10 | 8 | 6 | 6 | 6 | 6 | 6 |
| 252 | 20 | 11 | 9 | 7 | 6 | 6 | 6 |
| 309 | 30 | 13 | 10 | 9 | 8 | 7 | 6 |
| 357 | 40 | 15 | 12 | 10 | 9 | 8 | 6 |
| *399 | 50 | 17 | 13 | 11 | 10 | 8 | 7 |
| *437 | 60 | 18 | 15 | 12 | 11 | 9 | 7 |
| *472 | 70 | 20 | 16 | 13 | 12 | 10 | 8 |
| *505 | 80 | 21 | 17 | 14 | 13 | 11 | 9 |
| *535 | 90 | 23 | 18 | 15 | 14 | 11 | 9 |
| *564 | 100 | 24 | 19 | 16 | 14 | 12 | 10 |
| *592 | 110 | 25 | 20 | 16 | 15 | 12 | 10 |
| *618 | 120 | 26 | 21 | 17 | 16 | 13 | 10 |

***Verbruiker moet ook ten minste 6 rye in die middel van die spilpunt plant addisioneel tot die omsoming.**

# MIELIEPRODUKSIEGEBIEDE




- Watertafelgebied
- Gematigde Oostelike gebied
- Warmer besproeiingsgebiede
- Noordwestelikegebied
- Koel oostelike gebied
- KwaZulu-Natal gebied

*Map exclusive copyright of LIMAGRAIN FIELD SEEDS (PTY) LTD.*

# SOJABOONKULTIVARS

LS 6146R

NS 5258R

LG 60353R **NUUT**

LG 60356R **NUUT**

LS 6851R

LG 60359R **NUUT**

NS 5909R

LS 6164R

NS 6448R

LG 60159IPR **NUUT**

LG 60260IPR

LG 60261IPR

Roundup Ready SOYBEANS

INTACTA RR2 PRO®

**YIELDGARD®, YIELDGARD® Maize 2 en ROUNDUP READY® Maize 2 is handelsmerke wat deur Monsanto Technology LLC gelisensieer word.*

## Kort Groeier

### LS 6146R

Wyd aangepas met uitstekende opbrengs potensiaal, goed aangepas by koel en gematigde streke, 'n onbepaalde groeier met uitstekende staanvermoë.

## Medium-kort Groeier

### NS 5258R

Wyd aanpasbaar, uitstekende opbrengs, goed aangepas in koel tot gematigde gebiede, goeie staanvermoë.

### LG 60353R NUUT

Medium-kort kultivar met wye aanpasbaarheid, goed aangepas vir koel- en gematigde gebiede, goeie staanvermoë en peulhoogte.

## Medium Groeier

### LG 60356R NUUT

Medium kultivar met wye aanpasbaarheid, goed aangepas vir koel- en gematigde gebiede, goeie staanvermoë en peulhoogte.

### LS 6851R

LGSA se ou staatmaker. Wyd aangepas, uitstekende opbrengs. Smalblaar tipe.

## Medium-lang Groeier

### LG 60359R NUUT

Medium-laat kultivar met wye aanpasbaarheid, goed aangepas vir gematigde tot warm gebiede, goeie staanvermoë en peul hoogte.

### NS 5909R

Wyd aanpasbaar, uitstekende opbrengs, goed aangepas in koel tot gematigde gebiede, goeie staanvermoë.

### LS 6164R

Uitstekende agronomiese eienskappe, baie goeie peulhoogte. Meer geskik vir gematigde tot warm gebiede.

### NS 6448R

Wyd aanpasbaar, uitstekende opbrengs, goed aangepas in koel tot gematigde gebiede, goeie staanvermoë.

### LG 60159IPR — INTACTA RR2 PRO® — NUUT

Medium-laat kultivar met wye aanpasbaarheid, goed aangepas vir koel-, gematigde tot warm gebiede, goeie staanvermoë en peul hoogte.

### LG 60260IPR — INTACTA RR2 PRO®

Medium-laat kultivar met wye aanpasbaarheid, goed aangepas vir koel en gematigde gebiede, goeie staanvermoë en peul hoogte.

### LG 60261IPR — INTACTA RR2 PRO®

Medium-laat kultivar met wye aanpasbaarheid, goed aangepas vir gematigde tot warm gebiede, goeie staanvermoë en peulhoogte.

***ROUNDUP READY* en INTACTA RR2 PRO** is sojaboonhandelsmerke wat deur Bayer (Edms) Bpk gelisensieer word.***

# SOJABOONKAART




**Koel gebiede**
Groeiklas 4/5

**Gematigde gebiede**
Groeiklas 5/6

**Warm gebiede**
Groeiklas 6/7

# SOJABOONEIENSKAPPE

| | Roundup Ready | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | LS 6146R | NS 5258R | NUUT LG 60353R | NUUT LG 60356R | LS 6851R | NUUT LG 60359R | NS 5909R | LS 6164R | NS 6448R |
| ♦ Dae tot 50% blom | 34-48 | 48-63 | 50-65 | 50-65 | 50-65 | 52-67 | 52-67 | 53-68 | 55-70 |
| ♦ Dae tot oes | 115-135 | 115-140 | 120-140 | 130-145 | 130-145 | 135-150 | 135-150 | 140-165 | 150-170 |
| Planthoogte (cm) | 80-90 | 75-95 | 85-95 | 85-95 | 90-100 | 75-95 | 75-95 | 85-105 | 75-95 |
| Peulhoogte bo grond (cm) | 8.0 | 6.0 | 9.0 | 9.0 | 8.0 | 10.0 | 10.0 | 10.0 | 9.0 |
| Staanvermoë | Uitstekend | Uitstekend | Uitstekend | Uitstekend | Uitstekend | Baie goed | Uitstekend | Uitstekend | Uitstekend |
| ♦♦ Risiko vir Oopspring | Minimaal | Minimaal tot Moontlik | Minimaal | Minimaal | Minimaal | Minimaal | Minimaal | Minimaal | Minimaal |
| Groeiwyse | Onbepaald | Onbepaald | Onbepaald | Onbepaald | Bepaald | Onbepaald | Onbepaald | Onbepaald | Onbepaald |
| Groeiklas | 4.6 | 4.8 | 5.3 | 5.5 | 5.5 | 5.9 | 5.9 | 6.1 | 6.4 |

♦ Beïnvloed deur plantdatum en hitte-eenhede gedurende die groeiseisoen.

♦♦ Beïnvloed deur weersomstandighede en oestempo.

*ROUNDUP READY* en INTACTA RR2 PRO** is sojaboonhandelsmerke wat deur Bayer (Edms) Bpk gelisensieer word.*

# SOJABOONEIENSKAPPE

INTACTA RR2 PRO®

| | Intacta Rounup Ready II Pro | | |
|---|---|---|---|
